

## GEBEDSFOKUS

Loof en prys die Here saam met Dawid Psalm 145.

Dank die Here vir Sy liefde trou en sorg. Ook die voorreg om te kan bid en alles aan Hom toe te vertrou

Ons bid vir stranddiensspanne: beskerming, geestelike seën en vir elke jongmens/kind wat deelneem vir ontmoeting met die Here en verstaan van dissipel wees.

Bid vir Edmund Arendse wat onder verslaafdes werk: wysheid, insig hoe om mense te hanteer – ook beskerming en voorsiening in sy behoeftes. Bid vir elkeen wat afhanklik is van dwelms/alkohol vir ontmoeting met die Here en vrymaking. Dink ook aan ouers en gesinslede.

## SKAAP

Baie geluk aan Pierre Schnetler wat die skaap gewen het. Baie dankie vir almal se ondersteuning en aan almal wat met lyste geloop het.

## JANNIE DU TOIT

Jannie du Toit tree op Donderdagaand 20 Desember in die Hangklipsentrum in Bettysbaai op. Die kaartjies kos R100 en is by die wyksouderlinge in Hangklip, by beide apteke, by SASOL en by die kerkkantoor beskikbaar. Bestel voor 12 Desember koeldrank en worsrol teen R30 of slegs koeldrank teen R10 en slegs worsrol teen R25. Voor die konsert en gedurende pouse beskikbaar.

## HEININGKLOOF WOEKER

Ons maak boereworsrolle by die strandmeer van 10 tot 21 Desember tussen 10:00 en 15:00. Kom ondersteun asseblief!

## GEESTELIKE BOEKE

Daar word beplan om weer hierdie jaar op 26 Desember borde kos uit te deel by die gemeenskapsaal en in Over Hills. Maar saam daarmee wil ons vanjaar geestelike boeke uitdeel. As lidmate boeke het wat hulle kan afstaan, sal dit baie welkom wees: Afrikaans, Engels, Xhosa – veral ook kinderboeke. Dit kan by die kerkkantoor afgegee word.



## DEUR GOD

die bron  
van lig en lewe

## LEWE ONS

Kerkkantoor: 0282713470

### Leraars:

S Sass 072 352 8347  
sasssteven@hotmail.com

CN Malan 072 198 7279

drchrismalan@outlook.com

Webwerf: [www.ngkkleinmond.co.za](http://www.ngkkleinmond.co.za)

# 2 Desember 2018

## Welkom by die Erediens



08:30 Kerksaal - Ds. Bem de Wet  
09:00 Hangklip - Ds. Johann Botha  
09:30 Kerkgebou - Ds. Jan Momsen

Deurkollekte: Plaaslike Vroue-uitreike

### Eredienste Sondag 9 Desember 2018

08:30 Kerksaal  
09:00 Hangklip  
09:30 Kerkgebou

Deuroffer : Stranddiensspanne

## INTERKERKLIKE GEBEDSGELEENTHEID

Daar is weer 'n saambid geleentheid vanmiddag om 15:30 by die VGK in Proteadorp.

Ds Douwe Ganzevoort sal DV die leiding neem. Dit sal die laaste geleentheid vir die jaar wees. Almal is baie welikom.

## ONS GEE OM



### WAAR DAAR HARTSEER EN KOMMER IS.

Ons dink aan almal wat ons gebede baie nodig het.

Veral aan: Ezette Swanepoel: PM1,

Ettienne Gouws: BB5 (☎9689), Lida Fourie: Bb1,

Johan Els: Sa1, Eric Bester: Sb1, Johan Loubscher: Sb1,

Riti Turner KB1 (☎4917), Marianne Oosthuizen: KP,

Frikkie van der Watt: BB1, Friedel Meisenholl: BB2 en

Santie Pienaar: BB3 (☎9023).

Ons dink baie aan en bid vir Chris J van Rensburg van Sa1 na Annette se dood. En dan is ons baie jammer om te hoor dat Chris Goosen, wat vroeër in Pringlebaai gewoon het, verlede Sondag oorlede is. Ons dink aan Annatjie en haar familie.

### .. EN WAAR DAAR VREUGDE IS. . .

**Baie geluk** aan almal wat gedurende die week verjaar.

In die besonder almal wat vandag verjaar:

Jemima Engelbrecht (PM3), Lorraine Pauw (Sc3),

Estelle Victor (Sa2).

### DIE WEEK SE AKTIWITEITE

**Dinsdag** 16:30 Gebedsgroep in konsistorie  
18:30 Bid vir Sendelinge

### NUWE INTREKKERS

Die nuwe intrekkers in Kleinmond wat die afgelope paar maande hier ingetrek het, word genooi om Sondag na die diens in die kerkgebou te kom tee drink in die konsistorie. Almal is baie welkom.

### KERSSANGDIENS

Die Kerssangdiens in die kerkgebou is vanaand om 19:00. Die kerkkoor tree op en 'n kindergroep en die gemeente sing heerlik saam. Die sang word afgewissel met voorlesings. Almal is baie welkom.

## KERKRAAD VIR 2019

### Blokouderlinge

Rooieels em Pringlebaai

Giel Maree

Bettysbaai

Riekie Nel

Palmiet

Pieter J van Rensburg

See a

Pierre le Roux

See b

Ninnie du Toit

See c

Comine Conradie

Heuningkloof

Chris Els

Klein Berlyn

Japie Truter

Kogelpark

Madeleine Swart

Berg a

Vakant

Berg b

André van der Walt

### Streekouderlinge

Bergstreek

Vakant

Hangklipstreek

Gert Pretorius

Seestreek

Ria Burrows

### Kommissie-ouderlinge

Fondse

Le Roux Burrows

Diensverhoudinge

Hermie van der Merwe

Eiendomme

Helgaard Muller

Administrasie

Jannie Hougaard

### Diensaksie-diakens

Gemeentebediening

Marieta Grobler

Getuienis

Hendrik Saayman

Barmhartigheid

Mariëtte van der Watt

Erediens

Hannes van Wyk

Gesinsbediening

Alice van Rooyen

Kleingroepe

Nico Jacobs

## KERSPAKKIES

Daar word jaarliks Kerspakkes uitgedeel aan lidmate wat finansiëel sukkel. Dit word op 8 Desember uitgedeel. As lidmate bydraes in die vorm van koekies, lekkers, koeldrank en lapsakke wil gee, kan dit by die kerkkantoor afgegee word.

# Kerssangdiens 2018



1. Lofsing die Heer: Klavier en trompet
2. Vorum
3. As dit Kersfees word: Kinderkoor
4. Voorlesing: Jesaja 9: 1,5
5. Dogter van Sion: Kerkkoor
6. **Gemeentesang:** Lied 358: 1-3
7. Voorlesing: Lukas 1: 28-33
8. Geseënde Maagd: Trio
9. Jubilate: Kerkkoor

10. Voorlesing: Lukas 2: 1-7
11. **Gemeentesang:** Lied 353: 1-3
12. **Voorlesing:** My hart is nie 'n pragpaleis
13. 'n Kind vir ons gebore: Kerkkoor
14. Koor en **gemeentesang:** Lied 352: 1-3
15. Away in a manger: Kinderkoor
16. Voorlesing: Lukas 2: 8-12
17. Soos die herders van weleer: Kerkkoor
18. Voorlesing: Lukas 2: 13-14
19. **Gemeentesang:** Lied 365: 1-3
20. Voorlesing: 'n Os en 'n eseltjie
21. Die diere in die stal: Kinderkoor
22. Voorlesing: Matteus 2: 1-11
23. Wyses van die Ooste: Kerkkoor
24. Boodskap
25. Met ons pelgrimsreis op aarde: Kerkkoor
26. **Gemeentesang:** Lied 345
27. O Heer my God: Kerkkoor
28. Voorlesing: Openbaring 21: 1-7
29. Koor en gemeentesang: Lied 348: 1-3
30. Seëngroet

"Bewus van hoe breekbaar en feilbaar my geloof is,  
- gebind aan iets so broos soos 'n Kindjie in 'n krip -  
    wil ek U nou, Here, veral kom dank  
    dat die evangelie so helder, met soveel eenvoud  
        na ons toe kom  
    dat selfs die herders dit kon verstaan."  
(uittreksel uit gebed deur Pieter G.R. de Villiers)

"Bewus van hoe breekbaar en feilbaar my geloof is,  
- gebind aan iets so broos soos 'n Kindjie in 'n krip -  
    wil ek U nou, Here, veral kom dank  
    dat die evangelie so helder, met soveel eenvoud  
        na ons toe kom  
    dat selfs die herders dit kon verstaan."  
(uittreksel uit gebed deur Pieter G.R. de Villiers)

Dagbestuur

As gevolg van my betrokkenheid by twee begrafnisse die afgelope tyd, wil ek graag 'n klip in die bos gooi.

Ek verneem dat die leraars geen ekstra betaling ontvang vir begrafnisdienste van lidmate nie. My vraag is : waarom kan dieselfde nie geld in die geval van die koster nie?

Baie lidmate vermy die gebruik van die begrafnisondernemers by die dienste om koste te bespaar. Om in 'n mens se tyd van hartseer nog bekommerd hoef te wees oor geld wat of by die kerkkantoor inbetaal moet word of met koevertjies met geld vir elke betrokke amptenaar die dag van die begrafnis te staan, is vir my sonder meegevoel. In baie gevalle is die naasbestaandes wat met al die reelings sit , nie lidmate van die gemeente en is hul nie bekend met die persone wat betaal moet word of hul het nie tyd om by die kerkkantoor uit te kom nie.

Ek vertrou dat ons NGKerk die saak met die nodige meegevoel sal hanteer.

Marianna Jordaan

Stuur aan DVB Waarvoor wanneer hoe  
beskikbaar sal in Kerkklok verduidelik  
(Maatskaplike werker)

### A prayer for our earth – 'n Gebed vir ons aarde

Almagtige God

U teenwoordigheid vul die ganse heelal  
en tot selfs die kleinste van u skepsels.

U omvou alles wat bestaan met u teerheid. (Maatskaplike  
werker)

Oorspoel ons met die krag van u liefde,  
sodat ons lewe en skoonheid mag beskerm.

Vul ons met vrede, sodat ons as broers en susters kan  
saamleef –

en niemand skade berokken nie.

O God van die armes,

help ons om die verlore nes en vergete siele van die aarde  
– hulle wat so kosbaar in u oë is – te red.

Bring herstel in ons lewens,

sodat ons die aarde mag beskerm en nie beroof nie,  
dat ons skoonheid mag saai,  
nie besoedeling en vernietiging nie.

### **OUTWITTED**

Hulle trek 'n sirkel om my uit te sluit...

Hang etikette om my nek, noem my name.

Maar Liefde en ek het hul uitoorlê:

Ons het 'n sirkel getrek wat hulle ingesluit het!

Edwin Markham

Raak aan die harte  
van hulle wat slegs op eie gewin ingestel is  
ten koste van die armes en die aarde.

Leer ons om die waarde van elke skepsel te ag,  
om met verwondering en nadenke gevul te word,  
om te beseef dat ons, onderweg na u oneindige lig,  
in 'n intrinsieke verbondenheid  
met elke skepsel leef.

Ons dank U vir u teenwoordigheid in elke dag.  
Ons gebed is: bemoedig en versterk ons  
in ons strewe na geregtigheid, liefde en vrede.

– Vertaal na aanleiding van 'n anonieme gebed.

## **BOUFONDS**

Indien u 'n vrywillige bydrae tot die boufonds vir die uitbreiding van die kerkkompleks wil maak:

Deponeer by ABSA / doen 'n internet-betaling / betaal in by kerkkantoor / plaas in koevert en plaas in kollekesakkie:

Merk: **"BOUFONDS"**

Bank: ABSA  
Rekeningnommer: **3220 150 320** (Tjekrekening)  
Taknaam: **Kleinmond** (Kode: 632 005)  
Rekeningnaam: **NG Gemeente Kleinmond**

26 Augustus

## **Derde Gelui**

Jagfoto's

Opnames van erediens in die

Trix	
Lied 553	Ek is bly ek ken vir Jesus
Lied 168	Heilige Jesus
AGL060E	Give me oil in my lamp
AGL053E	Shout to the Lord
AGL078A	Soos 'n wildsbok
??	Peace like a river
??	Weet jy nie, Weet jy nie jy's 'n temple

**NG Kerk**

**Sondag 2 Desember 2018**

08:30 Kerksaal

Ds. Ben de Wet

09:00 Sentrum in Bettysbaai Ds. Johann Botha  
09:30 Kerkgebou Ds. Jan Momsen

- [dirkjjan@gmail.com](mailto:dirkjjan@gmail.com)>



### **SENTE VIR SENDING**

Die projek van die Getuienisaksie dat lidmate op 'n Sondag die brongeld in hul beursie in 'n houer agter in die kerk plaas, gaan op 'n permanente basis voort. Daar is so 'n houer by elke erediens in die gemeente beskikbaar.



**Kerkklok  
Getuïsnisfees**



**OM OOR TE DINK...**

Become friends with people who aren't your age.  
Hang out with people whose first language isn't the same as yours.

Get to know someone who doesn't come from your social class.

This is how you see the world.

This is how you grow.

Unknown

Die Gebedsbediening is een van die Bedieninge van ons gemeente. Hierdie komitee bestaan al vir etlike jare en enige gemeentelid wat 'n passie het om te bid skakel daarby in.

Elke

**HANGKLIP GAAN OOK BASAAR HOU**

En op 3 November gaan Hangklip basaar hou. Wolfgang Steinman vra dat mense wat afskaal, verhuis of net van hul oortollige huisraad ontslae wil raak, hom bel.

Hy kom haal gratis en maak sommer terselfdertyd die motorhuis aan die kant.

Sy nommer is: 082 823 6821

**OMGEE-BOETIEK**

Klere-skenkings moet liefers nie by die kerkkantoor afgegee word nie, maar wel by die kerksaal.

Die beste tyd is Maandae en Vrydae vanaf 10:00 – 12:00.



U word by al die eredienste uitgenooi om na die diens 'n lekker koppie tee/koffie te kom drink.

André van der Walt se e-pos-adres:  
[ajhvdwalt@telkomsa.net](mailto:ajhvdwalt@telkomsa.net)

## **BAIE WELKOM**

Baie welkom aan die volgende lidmate wie se lidmaatskapsertifikate ontvang is. Ons hoop hulle is reeds tuis en ingeskakel!



## **KRISIS GEBEDVERSOEKE**

Vir enige saak waarvoor u voorbidding verlang, kan u 028 271 5414 of 082 924 7241 bel. Die lede van die gebedbediening sal dit vertroulik hanteer, maar vir u intree.



## **NUWE INTREKKER?**

Ons ontmoet u graag na die diens of deur die week by die kerkkantoor

